

2018 Volksvergadering Referaat:

Gee ons volksgeloftes vir die Geloftevolk die vestigingsreg tot grondgebied in Suid-Afrika ?

29 September 2018

Geliefde Volksgenote,

Ter inleiding van die onderwerp word enkele begrippe geskets sodat daar onderskeid getref kan word tussen **Goddelike reg** teenoor **Menslike reg**. Ons ondersoek na die defenisie van reg 'n paar hoof momente in die geskiedenis wat handel oor die reg tot grondbesit.

1. Goddelike Reg

Goddelike reg is waar die bepalings, reg en jurisdiksie aan God behoort. Hier kry ons 2 kategorieë, naamlik Goddelike Mandaat en Goddelike Goedkeuring:

- 1.1. **Goddelike Mandaat** is die Hoogste vorm van Reg. Dit is waar God die inisiatief het in 'n saak en Self bepalings maak en Self reg spreek. In so 'n geval kan gesê word dat God gee die vestigingsreg tot grondgebied. Dit is byvoorbeeld soos die vestigingsreg wat God vir Adam en sy nageslag geskenk het. Dit is waar die inisiatief uit God uit is. God het Adam geskape en aan hom en sy nageslag die aarde gegee om te bewoon, bewerk en bewaak. Ons lees verder in die Boek van Jubeleums, hoofstukke 8:8b-9:15, dat Noag die aarde verdeel het vir sy drie seuns, en hulle nageslagte. Hy het dit gedoen deur God te raadpleeg met die lot. Noag het binne die Goddelike Mandaat opgetree wat God aan Adam gegee het. So het Joshua ook gedoen met die lot vir die 12 stamme van Israel toe hulle Kanaan ingeneem het. In Adam, Noag en Israel se geval moes hulle saam met God oor die aarde heers, dit was die rede vir hulle verblyfsreg. Dit is wat God van hulle verwag het. God skenk aan hulle verblyfsreg sodat hulle hul verantwoordelikheid kan nakom. Sodra hulle hul verantwoordelikheid nie meer nagekom het nie is hulle telkens ontwortel van hulle grondgebied af.

Die mandaat en verblyfsreg wat God aan Adam en sy nageslag gegee het bestaan vandag nog, en is op ons volk steeds van krag. 'n Beroep word op volksgenote gedoen om hulle verantwoordelikhede in hierdie verband op te neem in Jesus Christus, ons Koning.

- 1.2. **Goddelike Goedkeuring** is van 'n laer rangorde as Goddelike Mandaat. Dit is waar ons goedkeuring van God vir 'n saak vra, en God goedkeuring skenk omdat die saak reg is in God se oë. Hy kan ook so vestigingsreg toestaan, of verlore grondgebied terugskenk. Dit spruit voort uit sake wat met God uitgemaak is, en God die toestemming skenk dat die grondgebied bewoon mag word. Jakob is 'n sprekende 'n voorbeeld, na sy geloofstryd met Esau, en met God, verkry hy waarna hy soek, en word hy Israel en kan weer in sy geboorteland woon.

Ek glo persoonlik ons volksgeloftes val ook in hierdie kategorie, as ons kyk na ons volk se worsteling en geloofstryd. Ons kan se dat God aan ons verblyfreg toegestaan het nadat ons dit van die inbooringe gekoop het, dit telkemale wederregtelik van ons af geneem is, ons vir God om hulp gevra het in ons regstryd, en Hy die grondgebied aan ons toegeken het.

2. **Menslike Reg,**

Menslike reg is van 'n laer rangorde as Goddelike reg. Dit is waar die mens bepaal wat reg of verkeerd is. Hier is 2 kategorieë, naamlik Landswette en Selfregverdiging:

- 2.1. **Landswette** is waar 'n groep mense bepaal wat reg is. Gewoonlik verseker die mensgemaakte landswette die inwoners se verblyfsreg. Ongelukkig is dit wette uit die mens wat veranderlik is. Soos die huidige wette in Suid Afrika in 'n wysigingsproses proses is om grondonteiening sonder vergoeding te regverdig. Hierdie reg kan nie stand hou voor die Reg wat van God uitgaan nie.

'n Beroep word op volksgenote gedoen om tot God te bid, en te vra dat Hy reg sal laat geskied in die saak van onteiening sonder vergoeding.

- 2.2. **Selfregverdiging** is die laagste vorm van reg. Dit is waar 'n mens bepaal wat reg is in sy eie oë. In hierdie geval kan iemand hulself regverdig en sê, ons verdien die grondgebied, ons het vir hierdie grondgebied gewerk, geveg of gesterf. Ongelukkig is selfregverdiging nie in staat om vestigingsreg te verseker voor die Regterstoel van God nie. Selfregverdiging hou ook nie stand voor mense nie.

'n Beroep word op volksgenote gedoen sodat hulle hulself nie in hierdie kategorie bevind nie.

3. Vestigingsreg van Adam tot nou.

Adam: God het Adam geskape as heerser oor die aarde, Adam was koning van die aarde en het bepaalde verantwoordelikhede gehad om saam met God te heers oor die aarde. God het aan Adam en sy nageslag die Mandaat gegee om hom te vestig in sy grondgebied. (Gen 1:26-28, 2:8) Ongelukkig het Adam gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE God, en God het 'n einde gemaak aan Adam se heerskappy, maar nie aan sy nageslag se verblyfreg nie.

Noag: Noag en sy gesin het gedoen wat reg was in die oë van God, en is so bewaar om hulle te vestig in die nuwe wêreld. Ons lees in die boek van Jubeleums dat die nakomelinge van Noag die aarde in die geheim onderverdeel het, om hulleself te vestig. Dit was verkeerd in die oë van Noag en sy seuns, omdat hulle die diepte van die saak verstaan het. Hulle kom toe bymekaar en raadpleeg die HERE God om die grondgebied te verdeel, omdat hulle geweet het dat die vestigings mandaat van God uitgaan het na Adam. Dit is 'n ewige verbond. Sem, Gam en Jafet se grondgebied is so bepaal. Gam en sy nakomelinge was nie tevrede met sy deel nie. Gam vestig hom toe in Sem se gebied, en die saak was verkeerd in die oë van die mense, en hulle vervloek Gam. Sem verkry toe so heerskappy oor Gam se grondgebied, omdat Gam nie sy heerskappy opgeneem het nie, maar homself in Sem se gebied gevestig het. Die saak was verkeerd in die oë van God. Dit is hoekom Noag besef het wat Gam aangevang het, hy God se raadpleging uitspraak nie gerespekteer nie. Gam het steeds verblyfreg gehad, en dit is waarom ons in Suid Afrika in Gam se grondgebied is, die Land anderkant die rivier van Kus (Sefanja 3). Kus was 'n nakomeling van Gam. Vir die nageslagte in Suid Afrika bestaan daar dus Goddelike verblyfreg deur Gam en Goddelike heerskappy mandaat deur Sem.

Abraham: So stuur God vir Abraham om Kanaan in besit te neem, wat oorspronklik Gam se gebied was. Abraham het gedoen wat reg was in die oë van die HERE God. Ons kan sien hoedat die hele Afrika grondgebied wat aanvanklik onder Gam se heerskappy was, onder Sem se heerskappy beland het.

Israel: God stuur ook die 12 seuns van Israel na Egipte wat Gam se gebied was. Na hulle uittog uit Egipte ontvang elke stam van Israel grondgebied deur God te raapleeg met die lot, waar Joshua vir hulle ingetree het.

Ons Europese voorouers: Na die verstrooiing van die stamme van Israel, het God dit beskik dat ons voorouers hulleself hier aan die Suidpunt van Afrika kom vestig. So sien ons dat vanaf 1485 die Portugese Ontdekkers Diogo Cão, Vasco da Gama en Bartolomeu Dias verskeie kruise suid van die ewenaar aan die kus geplant het as navigasie bakens, maar so het hulle

ook doelbewus of onweted die grondgebied opgeeis vir die Christelike Godsdiens, anders sou dit nie kruise gewees het nie. Heel moontlik was ons voorouers onbewus van die Goddelike Vestigings Mandaat wat bestaan het vir Adam, Noag en Israel.

Voortrekkers: Ons sien in ons volksgeloftes die verlange na 'n eie volksgebied. So sien ons ook dat die Voortrekkers wettiglik grond gekoop het van DINGAAN. En dat die saak verkeerd was in die oë van God en die Voortrekkers to DINGAAN op sy woord terug gegaan het. God help die Voortrekkers in hulle stryd, en skenk so toestemming dat ons hier mag vestig. Ons sien so die Geestelike karakter van ons Volksgeloftes en hoe dit verbandhou met ons verblyfsreg en verantwoordelikheid aan die Suidpunt van Afrika.

Addendum: Boek van Jubeleums - Hoofstukke 8:8b-9:15

8:8b.....want in die dae toe hy gebore is het die seuns van Noag begin

9 om die aarde tussen hulself te verdeel: om hierdie rede het hy sy naam Peleg genoem. En hulle

10 het [dit] in die geheim tussen hulself verdeel, en dit aan Noag gesê. En dit het so gebeur in die begin van die drie en dertigste jubileum dat hulle die aarde in drie dele verdeel het, vir Sem en Gam en Jafet, volgens die erfenis van elk, in die eerste jaar in die eerste week (jaar 1569), toe een van ons

11 wat gestuur is, saam met hulle was. En hy het sy seuns geroep, en hulle het na hom gekom, hulle en hul seuns, en hy het die aarde verdeel in die lote, wat sy drie seuns in besitting sou neem, en hulle het hul hande uitgestrek, en die geskrif van uit die boesem van hulle vader, Noag, geneem.

12 En daar het vanuit die geskrif gekom as Sem se lot, die middel van die aarde, wat hy as erfenis moes vat vir hom en vir sy seuns vir die nageslagte vir ewig, van die middel van die bergreeks van RIFA, van die mond van die water van die rivier TINA, en sy deel gaan na die weste toe deur die middel van hierdie rivier, en dit strek uit tot dit die water van die waters van die afgronde bereik, waaruit hierdie rivier voort gaan en sy waters in die see Me'at stort, en hierdie rivier vloei in die groot see. En al wat na die noorde is, is Jafet s'n, en alles wat na die

13 suide is, behoort aan Sem. En dit brei uit tot dit KARASO bereik: dit is in die boesem van die tong

14 wat noordwaarts kyk. En sy porsie reik uit langs die groot see, en dit reik uit in 'n reguit lyn tot dit die weste tong bereik wat suid kyk na die suide: want hierdie see is

15 die tong van die Egiptiese see genoem. En dit draai van hier na die suide toe na die mond van die groot see op die kus van [sy] waters, en dit reik uit na die weste na 'Afra, en dit reik uit tot dit die waters van die rivier Gihon bereik, en na die suide van die waters van Gihon, na die

16 oewer van hierdie rivier. En dit reik uit na die ooste, tot dit die tuin van Eden bereik, na die suide daarvan, [na die suide] en van die ooste van die hele aarde van Eden en van die hele ooste, dit draai na die ooste toe en gaan verder tot dit die ooste van die berg genoem Rafa bereik, waar dit afgaan

17 na die oewer van die mond van die rivier Tina. Hierdie deel het voortgekom deur die lot vir Sem en sy seuns,

18 dat hulle dit in besit moes neem vir ewig aan sy geslagte vir ewigheid. En Noag was verheug dat hierdie deel het voortgekom vir Sem en sy seuns, en hy het onthou alles wat hy met sy mond gespreek het in voorspelling; want hy het gesê: 'Geseënd is JHWH Elohey van Sem en mag JHWH in die woning van Sem woon.'

19 En hy het geweet dat die tuin van Eden die heiligheid van die heilighede is, en die woning van JHWH, en die berg Sinai die middel van die woestyn is, en die berg Sion – die middel van die naeltjie van die aarde is: hierdie drie

20 is geskape as heilige plekke wat na mekaar kyk. En hy het die God van die God geseën, wie die

21 woord van JHWH in sy mond geplaas het, en JHWH vir altyd. En hy het geweet dat 'n geseënde deel en 'n seëning het na Sem en sy seuns toe gekom tot die nageslagte vir ewig – die hele aarde van Eden en die hele aarde van die Rooi See, en die hele aarde van die ooste en Indië, en op die Rooi See en die berge daarvan, en die hele aarde van Bashan, en die hele aarde van Lebanon en die eilande van Kaftur, en al die berge van Sanir en 'Amana, en die berge van Assur in die noorde, en die hele aarde van Elam, Assur, en Babel, en Susan en Ma'edai, en al die berge van Ararat, en al die streke oorkant die see, wat oorkant die berge van Assur is na die

22 noorde, 'n geseënde en ruimtevolle aarde, en alles wat in dit is baie goed. En vir Gam het die tweede deel gekom, anderkant die Gihon na die suide toe tot die regterkant van die tuin, en dit reik uit na die suide en dit reik uit na al die berge van vuur, en dit reik uit na die weste toe na die see van 'Atel en dit reik uit na die weste toe tot dit die see van Ma'uk bereik – daardie [see] waarin

23 alles wat nie vernietig is nie, afgaan. En dit gaan voort na die noorde na die buitewyke van Gadir, en dit reik uit na die kus van die waters van die see na die waters van die groot see tot dit uitkom naby aan die rivier Gihon, en gaan langs die rivier Gihon tot dit die regterkant bereik van die tuin

24 van Eden. En hierdie is die aarde wat na Gam toe gekom het as die deel wat hy moes bewoon

25 vir ewig vir hom en sy seuns tot hulle nageslagte vir ewig. En vir Jafet het die vierde deel voorgekom anderkant die rivier Tina na die noorde van die uitvloei van sy waters, en dit reik uit noord-

26 oostelik na die hele streek van Gog, en na die hele aarde oos daarvan, En dit reik uit noordwaarts na die noorde, en dit reik uit na die berge van Qelt na die noorde toe, en na die see van

27 Ma'uk, en dit gaan voort na die ooste van Gadir so ver as die streek van die waters van die see. En dit reik uit tot dit die weste van Fara bereik en dit kom terug in die rigting van 'Aferag, en dit reik uit na die ooste

28 na die waters van die see van Me'at. En dit reik uit na die streek van die Tina rivier in 'n noord-westelike rigting tot dit die grens van sy waters bereik in die rigting van die berg Rafa, en dit draai

29 om na die noorde toe. Hierdie is die aarde wat voortgekome het vir Jafet en sy seuns as die deel van sy erfenis wat hy vir hom en sy seuns, vir hulle nageslagte vir ewig, moet bewoon;

30 vyf groot eilande, en 'n groot aarde in die noorde. Maar dit is koud, en die aarde van Gam is warm, en die aarde van Sem is nie koud of warm nie¹, maar dit is 'n mengsel van koue en hitte.

9

1 En Gam het tussen sy seuns verdeel, en die eerste deel het aan Kush toegekome na die ooste, en aan die weste van hom vir Misraim, en aan die weste van hom vir Put, en aan die weste van hom

2 [en na die weste daarvan] op die see vir Kena'an. En Sem het ook tussen sy seuns verdeel, en die eerste deel het voortgekome vir Gam^{2???} en sy seuns, na die ooste van die rivier Tigris tot dit die ooste nader, die hele aarde van Indië, en op die Rooi See op sy kus, en die waters van Dedan, en al die berge van Mebri en Ela, en die hele aarde van Susan en al wat aan die kant is van Pharnak

3 na die Rooi See en die rivier Tina. En vir Assur het voortgekome die tweede deel, die hele aarde van

4 Assur en Nineveh en Shinar en na die grens van Indië, en dit gaan op en grens aan die rivier. En vir Arpagsad het die derde deel voortgekom, die hele aarde van die streek van die Kasddeërs na die ooste van die Euphrates, grensend aan die Rooi See, en al die waters van die woestyn naby aan die tong van die see wat kyk na Mitsrajim, die hele aarde van Lebanon en Sanir en 'Amana na die grens van die

5 Euphrates. En vir Aram het daar voort gekom die vierde deel, die hele aarde van Mesopotamië tussen die Tigris en die Euphrates na die noorde van die Kasddeërs na die grens van die berge

6 van Assur en die aarde van 'Arara. En daar het aan Lud voort gekom die vyfde deel, die berge van Assur en al wat aan hulle behoort tot dit die Groot See bereik, en tot dit die ooste bereik van

7 Assur sy broer. En Jafet het ook die aarde van sy erfenis tussen sy seuns verdeel.

8 En die eerste deel het voort gekom vir Gomer na die ooste vanaf die noorde kant na die rivier Tina; en in die noorde daar het vir Magog voort gekom al die binne dele van die noorde tot dit die see van

9 Me'at bereik. En vir Madai het voort gekom as sy deel dat hy moet neem vanaf die weste van sy twee

10 broeders na die eilande toe, en na die kuste van die eilande. En vir Jawan het voort gekom die vierde

11 deel elke eiland en die eilande wat in die rigting van die grens van Lud is. En vir Tubal het daar voort gekom die vyfde deel in die middel van die tong wat die grens nader van die deel van Lud na die tweede tong, na die streek anderkant die tweede tong na die derde tong.

12 En vir Meseg het voort gekom die sesde deel, die hele streek anderkant die derde tong tot dit

13 die ooste van Gadir nader. En vir Tiras het voort gekom die sewende deel, vier groot eilande in die middel van die see, wat uitreik tot die deel van Gam [en die eilande van Kamaturi

14 deur lot uitgekom vir die seuns van Arpagsad as sy erfenis]. En dus die seuns van Noag het aan hulle seuns verdeel in die aangesig van Noag hulle vader, en hy het hulle almal met 'n eed gebind, 'n

15 vloek op almal laat val wie gesoek het om 'n deel te gryp wat nie [na hom toe] geval het volgens die lot nie. En hulle het almal gesê, 'Laat dit wees; laat dit wees' vir hulself en hulle seuns vir ewig regdeur hulle geslagte tot die dag van oordeel, waarop JHWH God hulle sal oordeel met 'n swaard en met vuur vir al die onrein boosheid van hulle dwalinge, waarmee hulle die aarde gevul het met opstandigheid en onreinheid en hoerery en oortreding.